Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2023-08-15

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 12/2023

Woensdag 16 Augustus: Neem asseblief kennis dat alle leerders Woensdag om 12:00 verdaag. Al ons rugby- en netbalspanne vertrek na Jeffreysbaai (JB) om teen Laerskool Jeffreysbaai deel te neem. Spelers wat Woensdag deelneem het reeds briewe aangaande die dag en vervoerreëlings ontvang.

Om die verwagte verkeer in ons omliggende strate om die skool te vergemaklik sal die sportspanne reeds om 11:30 na JB vertrek. Ouers en ondersteuners van die skool word aangemoedig om ROOI aan te trek ter ondersteuning van ons spanne. Baie sterkte ook aan al ons spanne – ons staan 100% agter julle.

Herwinning (Tetra pak): Baie dankie vir die hope boksies (bv. Langlewe melk, sap of vla boksies) wat reeds skool toe gestuur is. Stuur asb. nog!! Ons het ingeskryf in ‘n herwinningskompetisie waarmee ons groot pryse vir die skool kan wen. Verwyder die doppie, druk die boksies plat, sit die proppie terug en stuur die boksie saam met u kind skool toe. Vir elke 30 boksies wat jou kind insamel mag hul gewone klere skool toe dra.

ATKV Nasionaal: Sterkte aan Amé Spangenberg wat hierdie naweek by Goudini deelneem aan die ATKV Nasionaal.

Diensleweringsprotes: Leerders wat vandag afwesig van skool is a.g.v. die beplande protesaksie sal more (Woendag 16 Augustus) hul toetse skryf.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF